

1 Januarie

Skrifgedeelte: Numeri 29:7-11 **'n Jaar van fees**

Die Ou Testament is vol voorskrifte waarvolgens die Israeliete geleef het. In Numeri 29:7-11 lees ons dat die Israeliete hulleself voor God moes verootmoedig en offers vir Hom moes bring wat tot sy vreugde lei. Hulle het jaarliks 'n fees gehou tot eer van God.

In die tyd waarin ons leef, kom die argument sterk te hore dat ons nie meer in 'n Ou-Testamentiese tyd leef met sy wette en voorskrifte nie. Ons leef in 'n tyd waarin Christus volkome vir ons sondes betaal het. Hy was die volkome offer. Hoewel dit ons bevrydende waarheid is, is die nadeel hiervan dat ons nalaat om dinge te doen. Ons raak so behep met ons vryheid as mens dat ons heeltemal die fokus vanaf God neem.

Baie van ons het 'n fees gehou om die nuwe jaar mee binne te gaan, maar hoe baie hou ons 'n fees tot eer van God? Ons staan tans aan die begin van 'n nuwe jaar wat iets spesiaal vir die Gereformeerde Kerke inhou. Dit is 'n jaar waarin ons die 150-jarige bestaan van die Gereformeerde Kerke gaan vier. Die jaar en die fees is 'n geleentheid waarin ons onself opnuut moet verootmoedig voor God. Dit beteken dat ons nederig moet wees voor God en dat ons "Klein voor God" moet wees soos die feestema ook aandui.

Ons moet die jaar binnegaan met die besef dat die Here se genade vir ons ontsaglik groot is. Jesus Christus, die Hoof van sy kerk, het elkeen van ons deel van sy liggaam gemaak. Hy het ons 'n nuwe lewe gegee. Laat ons dan feesvier tot eer van God en laat ons ook in ons lewens 'n heilige en aanneemlike offer tot eer van God wees.

Teologiese Student Brahm Robinson

